basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

NOVEMBER 2017

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 80

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: LEESBEGRIP
ASSESSERINGSRIGLYNE

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Indien die leerder woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word geen punt toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die leerder gee 'n volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE/DRIE feite vereis word en 'n reeks word gegee, sien SLEGS die eersteTWEE/DRIE na.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

VRAAG 1
TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.1	Sonvanger/sonvanger	1
1.2	Sy ouers en sy ouma/Hulle het ... • Refentse in 'n Afrikaanse laerskool geplaas. • Refentse na Afrikaanse musiek laat luister.	2
1.3	(Aan) Vereeniging Gimnasium	1
1.4	(Refentse het beplan om) Regte (te gaan studeer).	1
1.5	• Refentse het nie net op een aktiwiteit gekonsentreer nie. • Refentse het aan sport-/leierskaps-/kultuuraktiwiteite deelgeneem. • Refentse se skoolloopbaan het ook uit buitemuurse aktiwiteite/leierskapsposisies bestaan. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
1.6	Refentse het dit geniet omdat ... • hy **passievol oor** musiek/sy taak as regisseur is. • hy sy medeskoliere kon lei. • 'n ander/nuwe wêreld vir hom oopgegaan het./hy 'n nuwe uitdaging gekry het. (Aanvaar ook die aanhaling) (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
1.7	• (sy) nederigheid/hardwerkendheid/passievolheid/veelsydigheid • (sy passie) om mense te lei/gebore leier • Hy het sy taak ernstig/toegewyd opgeneem. • Hy kon uitdagings goed hanteer. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.8	(Refentse speel) kitaar/ghitaar.	1
1.9	"toevallig"	1
1.10	Etiese aspek: • Cecilia Kruger het Refentse se toestemming gevra om die video-opname te versprei./Sy het Refentse gevra of sy dit kon doen. • Cecilia Kruger het nie net eiereg gebruik om die video-opname te versprei/op Facebook te plaas nie. Bekendheid: • Sy het reg opgetree, want deur sy musiek te versprei, het hy bekendheid verwerf. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
1.11	• Refentse het skielik baie bekend/besig geraak. • Refentse het iemand nodig gehad om sy sake te hanteer./Hy kon nie alles self doen nie. • Iemand moes Refentse se geldsake/program/optredes bestuur. • Iemand moes die skakeling met sy ondersteuners hanteer. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (*Antwoorde moet verband hou met sy bekendheid/besige lewe.)*	1
1.12.1	(Tydens die) Klein-Karoo Nasionale Kunsfees/KKNK	1
1.12.2	Na hierdie optrede saam met Karen Zoid het Refentse ... • 'n CD-kontrak gekry. • 'n musiekvideo gemaak. • baie ander uitnodigings (om op te tree) ontvang. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)	2
1.13	• A • geen ander kunstenaar so goed soos Karen Zoid is nie. • A geen ander kunstenaar so goed soos Karen Zoid is nie. (Enige EEN)	1
1.14	nederig	1
1.15.1	konnotatief	1
1.15.2	• Refentse is (baie) lief vir sy sussie. (Nie verlief nie). • Refentse se sussie is (baie) spesiaal/belangrik vir hom. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (Indien 1.15.1 verkeerd is, is 1.15.2 ook verkeerd)	1
1.16.1	Die skool het leerders soos Refentse die geleentheid gegee om ... • in 'n koor te sing. • aan kunswedstryde/kultuuraktiwiteite deel te neem. • aan produksies soos *Afrikaans is Groot* deel te neem. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.16.2	• Dit (Facebook/Sosiale media) het vir Refentse aan baie mense bekendgestel. • Refentse het deur Facebook/daardeur bekend geraak./Baie mense het vir Refentse op Facebook/daarop gesien en van sy stem gehou. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
1.17	Iets om op terug te val: • As Refentse se sangloopbaan nie (meer) suksesvol is nie, moet daar iets anders wees wat hy kan doen (om geld te verdien). • Refentse moet hom voorberei om iets anders te doen in tye wanneer sy sangloopbaan nie (meer) genoeg geld maak nie. Sy droom: • Dan kan hy nog steeds doen waaroor hy gedroom het voordat hy as sanger bekend geword het. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
1.18	"Hy hoop dat mense deur sy musiek van hulle verskille sal vergeet." *(Penaliseer nie as die sin nie tussen aanhalingstekens is nie)*	1
1.19	• Dit voorspel wat die leser in die teks kan verwag/maak die leser nuuskierig/prikkel die leser se belangstelling/motiveer die leser om verder te lees. • Dit som die teks op. • Dit gee die kern van die teks./Gee (meer) inligting oor dit wat in die leesstuk staan/oor Refentse. (Enige EEN oof soortgelyk aan bogenoemde)	1

TEKS B: VISUELE TEKS		
VRAAG	**ANTWOORD**	**PUNT**
1.20	Koeldrank is ook 'n nie-alkoholiese drankie.	1
1.21	• A • boere het nie baie graan geproduseer nie. • A boere het nie baie graan geproduseer nie. of • C • baie mense kan net brood en graanprodukte bekostig. • C baie mense kan net brood en graanprodukte bekostig. of • D • as dit duurder word om brood te verskaf, verloor mense hulle werk. • D as dit duurder word om brood te verskaf, verloor mense hulle werk. (Enige EEN)	1
1.22	Suiwelprodukte en vrugte se pryse het ewe veel/albei (5,3%) gestyg. *(Ons aanvaar nie net 5,3% as antwoord nie. Kandidate moes sê WAT eners is, m.a.w. die 5.3% interpreteer – vlak 3)* (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1
1.23	Vis/vis/seekos *(Ons aanvaar nie spesifieke vissoorte nie)*	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.24	• Die blokkie/grafiekkolom lê links van die middel/aan die anderkant/nie in die ry nie. • Die minusteken/(-)/negatiewe persentasie (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
1.25	nie 'n noodsaaklikheid is nie.	1

TOTAAL AFDELING A:	**30**

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

Nasien van die opsomming

LET WEL:
Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die feite soos deur die vraag oor die teks voorgeskryf.

Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal punte: 10
- **Toekenning van taalpunte as leerders NIE woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1-3 korrekte feite: 1 punt
  - 4-5 korrekte feite: 2 punte
  - 6-7 korrekte feite: 3 punte
- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
  - 6-7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
  - 1-5 korrekte aanhalings: 1 punt vir taal word toegeken

LET WEL:

- Antwoorde moet in **volsinne** wees.
- **Getal woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde verifieer.
  - Geen punte word afgetrek indien die kandidaat nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui, of dit verkeerd aandui nie.
  - Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die 70-woordegrens nasien en die res van die opsomming ignoreer.

TEKS C: HOEKOM 'N BRUGJAAR GOED IS		
DIREKTE AANHALING		**EIE WOORDE**
Jy is agtien jaar oud. Geen universiteit het jou aansoek aanvaar nie. Dan is dit dalk 'n goeie idee om aan 'n brugjaar te dink.		
'n Brugjaar gee jongmense eerstens die kans om 'n blaaskans te neem na twaalf jaar op skool. As jy eers begin werk, gaan jy nooit weer die kans kry om so avontuurlustig, selfs waaghalsig, te reis en te leef soos tydens jou brugjaar nie. **Dit is 'n kans om 'n bietjie te waag en nuwe avonture te ervaar.** Vir 'n jongmens is dit maklik om in 'n partytjieleefstyl vasgevang te word. **As jy egter eers meer van die wêreld ervaar het, verstaan jy beter waaroor die lewe gaan. Dan sal jy byvoorbeeld besef dit hoef nie 'n prioriteit te wees om elke partytjie by te woon nie.**	1 2 3	'n Brugjaar gee jou blaaskans/kans om te rus na matriek/12 jaar op skool. 'n Brugjaar gee jou die kans om nuwe avonture te ervaar/beleef./Dit gee jou kans om avontuurlustig/waaghalsig te reis/leef. Jy ontwikkel 'n besef van wat belangrik is in die lewe./Jy kry jou prioriteite reg./Jy besef partytjies is nie meer 'n prioriteit nie.
Studente skryf dikwels in vir 'n kursus en verander later na iets heeltemal anders. Dit kan baie duur wees. **'n Brugjaar kan jou help om seker te maak wat jy wil studeer voor jy jou tyd en geld belê.** 'n Studie aan universiteite in Amerika het getoon dat die punte van studente wat 'n brugjaar gehad het, **gemiddeld 6% beter as dié van die res is. 'n Brugjaar kan dus beter resultate beteken. Jy kan ook 'n interessante werk in jou brugjaar doen. Dit is die ideale geleentheid om nuwe vaardighede aan te leer.** Jong gegradueerdes wat werk soek, het min of geen werkservaring nie. **As jy tydens jou brugjaar werk, lyk dit goed op jou CV.** Ten slotte sal dit **ook vir werkgewers wys dat jy nie bang is om te werk nie.**	4 5 6 7 8 9	'n Brugjaar gee jou die kans om seker te maak wat jy wil studeer/met die res van jou lewe wil doen. 'n Brugjaar kan help dat studente beter presteer./'n Brugjaar kan beteken dat jy gemiddeld 6% beter kan doen. Tydens 'n brugjaar kan jy iets interessants doen/'n interessante werk te doen. Jy kan nuwe vaardighede aanleer. As jy tydens jou brugjaar werk, kan dit jou later help om werk te kry/kan jy dit op jou CV skryf/kan dit jou CV goed laat lyk. (**werkservaring**) As jy tydens jou brugjaar gewerk het, sal werkgewers sien jy is nie lui/bang vir werk nie. (**indruk op werkgewers)**
		TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL
ASSESSERINGSRIGLYNE

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word waar ons woordstrukture toets.
  - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
  - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meerkeusevrae.
- Indien een woord gevra word, bv. die korrekte vorm van die woord tussen hakies, mag die kandidaat die hele sin uitskryf soos dit op die vraestel gegee word. Dis slegs by Leesbegrip en Vraestel 2 waar kandidaat gepenaliseer word indien die korrekte woord nie uitgelig/onderstreep word nie. Waar daar in Vraestel 1 spesifiek gevra word vir *een woord vir* ..., geld hierdie toegewing egter NIE.

VRAAG 3
TEKS D: ADVERTENSIE

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.1	Ek het iets/die nuus gehoor./Mense het vir my iets/dinge vertel.	1
3.2	Tshwane	1
3.3	• D • beklemtoon dat hierdie diens slegs vir Tshwane is. • D beklemtoon dat hierdie diens slegs vir Tshwane is. (Enige EEN)	1
3.4	Vuurwarm/vuurwarm/witwarm	1
3.5	gratis	1
3.6	alliterasie	1
3.7	vinniger	1
3.8	die	1
3.9	Die mans ... • glimlag./lag. • sit ontspanne/lekker/rustig. • lyk bly/gelukkig. • se aandag is net by hul selfone. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
3.10	altyd beter wil doen	1
		[10]

VRAAG 4 **TEKS E: STROKIESPRENT**		
VRAAG	**ANTWOORD**	**PUNT**
4.1	(skoot)rekenaar/sleutelbord/tablet *(Die antwoord kan ook in 'n sin gegee word.)*	1
4.2	Klik/slurp/S-L-L-U-R-R-P	1
4.3	• Daar is 'n yskas/DEFY in die prentjie. • Die naam DEFY verwys na 'n yskas/vrieskas. (Enige EEN)	1
4.4	Mooi!/Goed!/Koel!/Geluk! Pragtig!/Welgedaan!/Lekker! (Uitroepteken is nie nodig nie) (Of soortgelyk aan bogenoemde) *(Die uitroep moet op goedkeuring dui.)*	1
4.5	• Dit dui aan dat daar musiek speel. • Dit dui aan dat die meisie na musiek luister. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1
4.6	• (Daar is 'n) vraagteken/? • klik? • Ma se lippe tuit/Die ma glimlag nie. • Die ma tik met een vinger. (Enige EEN)	1
4.7	Die ma vra vir die dogter: "Wil jy dit nie vir my doen nie?" **OF** Die ma vra vir die dogter: "Wil jy nie dit vir my doen nie?" *(ook aanvaar indien slegs die direkte rede korrek gegee word)*	1
4.8.1	• Die ma weet nie veel daarvan/(van sosiale media/Facebook/Twitter/ Instagram/rekenaars) nie. • Die ma sukkel (met sosiale media/rekenaars). • Die ma is nie rekenaarvaardig nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
4.8.2	Die boetie/Hy sien die kans om geld te maak/te verdien/om voordeel te trek. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1
4.9	• A • tevrede • A tevrede (Enige EEN)	1
		[10]

VRAAG 5.1 **TEKS F: LEESTEKS**		
VRAAG	**ANTWOORD**	**PUNT**
5.1.1	eetplekkie	1
5.1.2	heerlike/smaaklike/geurige *(Kandidaat moet die korrekte verbuiging van die b.nw. gee.)*	1
5.1.3	jaar	1
5.1.4	• Ek het die deur gesluit. • Ek is deur. (Of soortgelyk) *(Ons aanvaar **nie**: "Ek sukkel om "deur" reg te spel" nie. Rede: die betekenis blyk nie duidelik nie.)*	1
5.1.5	toegang**s**fooi	1
5.1.6	per	1
5.1.7	jonk	1
5.1.8	vrolike	1
5.1.9	foto's	1
5.1.10	• Die vleis word sommer op die sypaadjie gebraai omdat daar nie genoeg plek in die tent **is** nie. • Die vleis word sommer op die sypaadjie gebraai omdat daar nie genoeg plek **is** in die tent nie. • Omdat daar nie genoeg plek in die tent is nie, word die vleis sommer op die sypaadjie gebraai. • Omdat daar nie genoeg plek **is** in die tent nie, word die vleis sommer op die sypaadjie gebraai. (Of soortgelyk aan bogenoemde) *(Indien kandidaat net een deel van die sin neerskryf, het hy nie die opdrag uitgevoer nie. Die sin is nie verbind nie.)*	1
5.1.11	• ... word saam met pap, wors en tjakalaka bedien. • "... word saam met pap, wors en tjakalaka bedien." *(Antwoord word aanvaar indien die leesteken nie onderstreep is nie)*	1
5.1.12	resep	1
5.1.13	sy	1
5.1.14	Hiervoor kry Mzoli beslis volpunte! *(Kandidaat mag nie woorde uitlaat nie, maar ons kan toegewing maak indien uitroepteken/punt weggelaat word.)*	1
		[14]

VRAAG 5.2 **TEKS G: PRENT**		
VRAAG	**ANTWOORD**	**PUNT**
5.2.1	skryfbehoeftes/skryfbenodig(d)hede/skryfgereedskap/skryfgoed/skoolgoed/(ook –goete/-goeters/-goeterse)	1
5.2.2	• Die prente is deur die leerders ingekleur. • Die prente is ingekleur deur die leerders. (Enige EEN)	1
5.2.3	Skêr/skêr (nie meervoud nie)	1
5.2.4	Leerders gebruik Pritt **om** die prente in **te** plak. *(Kandidaat mag nie enige ander woord behalwe "om" en "te" inlas nie.)*	1
5.2.5	potlood	1
5.2.6	Die leerders **het** groot rugsakke **ge**dra.	1
		[6]

TOTAAL AFDELING C:	**40**
GROOTTOTAAL:	**80**

Kopiereg voorbehou